# NG Gemeente Montana: Kleingroepe 2025

Deur **Aanbidding** wat leef vanuit die erediens
en ons gebedslewe, groei ons

**2025.03**

---

Markus 12:41-44; 1 Tessalonisense 5:18; Filippense 4:4-7; Lukas 11:9-10; Matteus 6:11; Hebreërs 12:28

**Sonder dankbaarheid is aanbidding waardeloos**

Van al die maniere om God te aanbid, is dankbaarheid waarskynlik die een wat die meeste misgekyk word. Van die miere tot die olifante, sien ons hoe God sy seëninge op al sy skepsels uitgestort het, maar slegs die mens beskik oor die vermoë om deur woorde en verbeelding uitting te gee aan dankbaarheid. ‘n Lewe van dankbaarheid lyk egter anders as om bloot goeie maniere te hê en dankie te sê. Die gawe van dankbaarheid word deel van ons lewe wanneer ons ten volle besef wat God vir ons uit genade gedoen het en dit ons dryfkrag word om elke dag vanuit dankbaarheid te leef.

Dankbaarheid as gebaar, maar méér nog, dankbaarheid as lewenshouding is sekerlik een van die belangrikste kenmerke van ‘n Christen se lewe. ‘n Lewe vol dankbaarheid, om ongeag die omstandighede vergenoegd te kan wees (Filippense 4:11), “*erkentlik al my dae*”, dis hoe ‘n verloste mens se lewe behoort te lyk (Filippense 2:11). Dankbaarheid het daarmee te make dat ek iets van genade en vergiffenis leer verstaan, dat ek leer hoe om te ontvang wat ek nie verdien nie. Dankbaarheid is net mooi die teenoorgestelde daarvan om mense, dinge en die lewe self as vanselfsprekend te aanvaar, as iets wat ek eintlik verdien, iets wat my toekom. Dankbaarheid het daarmee te make om altyd weer verras te kan wees oor wat ek alles ontvang, oor die mooi van die lewe, oor die lewe self. Dankbaarheid is die vermoë om met verwondering te kan lewe – verwonderd oor klein en groot geskenke van genade. Dankbaarheid is om te leer hoe om my seëninge te tel, ten spyte van seerkry en swaarkry.

Dankbaarheid is inderdaad aansteeklik, lewensveranderend. Dit skep ‘n nuwe gemeenskap, dit maak jou deel, laat jou behoort, maar dit sluit ook ander in, dit maak heel en dit maak weer gesond. Dankbaarheid bring hoop, dit laat my anders na my omstandighede kyk, ook al gaan dit soms hoe sleg. Daarom is dit so belangrik dat ons dankbaarheid as lewensdeug aanleer, dit leer leef – elke dag die lewe in verwondering as genadegeskenk uit God se hand leer ontvang.

Presies dit is wat geloof is, en wat aanbidding ten diepste beteken. Om met my hele lewe dit uit te sing: “Ek wil die Here loof, met alles wat in my is, wil ek sy heilige Naam loof. Ek wil die Here loof en nie een van sy weldade vergeet nie. Dit is Hy wat al my sonde vergewe, wat al my siekte genees, wat my red van die graf en my met liefde en ontferming kroon, wat my die goeie in oorvloed laat genet, my die jeugdige krag van die arend skenk (Psalm 103:1-5).

- https://nie.co.za/2024/11/18/fokus-in-gebed-dankbaarheid/
- https://www.bible.com/af/reading-plans/22405-how-to-be-grateful-for-your-life/day/1

Dink bietjie:

- Dink jy dat jou aanbidding dankbaarheid wys?
- Hoe dink jy kan meer dankbaar wees?
- Laat hierdie tema jou skuldig voel?

*Vir die groepgesprek:*

1. Hoekom leef party mense meer dankbaar as ander? Wat dink julle?
2. Baie mense sê bloot hulle het gewerk vir wat hulle het en ontvang. Vir wie moet hulle dankbaar wees? Dink bietjie hieroor en gee julle mening.
3. Dankbaarheid, waardering en aanbidding loop saam met mekaar. Watter basiese dinge aanvaar mense sonder om eers dankbaar daarvoor te wees?

*Vanuit die teksgedeeltes:*

1. Lees Markus 12:41-44.Hoe daag die weduwee se handeling ons uit?
2. Waarom dink julle gee die weduwee soveel om dankbaarheid te toon?
3. Hoe kan ek dit wat Paulus in 1 Tessalonisense 5:18 skryf, inoefen?
4. Filippense 4:4-7 beskryf die geheim van ‘n gelukkige lewe. Hoe dink julle kry ons by die donker wolke van die lewe verbygekyk om dit reg te kry?
5. Die gevaar van ons lewe, wat ons aanbidding kan bedreig, is om dinge en die lewe self as vanselfsprekend te aanvaar. Hoe kan ek die verrassings wat die lewe inhou omhels?
6. Ons hou van vra en ontvang (Lukas 11:9-10) en Gee ons vandag ons daaglikse brood (Matteus 6:11). Hoe behoort ons dankbaarheid aan tafel na vore te kom – en selfs in die openbaar?
7. Hoe kan ons die oproep van Hebreërs 12:28 in die erediens tot sy reg laat kom?

- Dankbaarheid is egter nie net ‘n emosie nie, maar gaan altyd oor tot aksie. Dankbaarheid inspireer my om my geloof uit te leef, om saam met ander gelowiges Sondae God te loof en te dank vir Sy genade, lief te wees vir God se kinders, iets van die baie wat ek ontvang, terug te gee met my tiende, en elke dag met vreugde te leef!
- Maak ‘n spaarbussie met die woord: “Dankbaarheid” op. Gooi gereeld saam ‘n geldjie daaraan wanneer julle iets ervaar het waarvoor julle spesifiek dankbaar is. Wanneer die bussie vol is, gee dit aan die gemeente.